

Skriflesing: 2 Kor 6:1-13

Tema: Die Heilige Gees maak ons medewerkers van God.

Prof Willie Jonker het gesê: “God het ’n snaakse mannekragbeleid. Oral in die wêreld geld dit dat die kragtigste figure en persoonlikhede gesoek word vir die werk. Maar in God se koninkryk werk dit nie so nie. Hy soek juis mense wat swak is in hulself, hulle wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is.... want dit is tog ons grootste krag.”

As jy jou lewe in geloof aan die Here oorgegee het, stel Hy jou aan as sy medewerker. Daar is te veel kerkmense wat dit nie verstaan en dit nie doen nie. Vir hulle eindig Christenskap by redding. Redding is waar Christenskap begin. God red ons om saam met Hom te werk.

1. Ons is medewerkers van God wat leef uit sy genade.

Ons lees in 2 Kor 6:1: “As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.”

Ons het die genade geskenk van God se liefde, vergifnis en verlossing gratis ontvang. Dit is waarvan Hy vanoggend vir elkeen van ons by die doop kom verseker het. Ons mag hierdie geskenk van God nie tevergeefs ontvang nie. Ons moet dit oopmaak en ons eie maak. En dan moet ons dit gaan uitdeel. Maar die uitdeel van die evangelie gaan ons iets kos.

2. As medewerkers van God ontvang ons eer en oneer, ons word geprys en beledig.

Eksel is onsteld en geskok as ek as Christen teenstand beleef? Waarom is dit so?

Die Bybel is baie duidelik hieroor. Christus het teenstand beleef. Sy medewerkers sal teenstand beleef.

Paulus het teenstand beleef. Sommige mense het hul harte vir hom en sy boodskap gesluit. Die Here het hom gebruik om die gemeente in Korinte te stig. Nou is hier mense wat sy gesag as bedienaar van die Woord bevraagteken. Hy was dan nie een van die 12 nie. Hy het nie vir Jesus persoonlik geken terwyl Hy nog op aarde was nie.

Paulus is fel gekritiseer. Vir sommige was Paulus te emosioneel. Hy het mense te veel opgesweep. Vir ander is hy te versigtig; te goed beredeneerd.

Hy vertel self van die opofferings wat hy moes maak. Hy het verdrukking, ontbering en nood ervaar. Ons lees in 2 Kor 6:5 en 8: “Ons is geslaan, in die tronk gegooi en het in oproere beland; ons het swaar gewerk, nagte sonder slaap deurgemaak en honger gely.”

“Ons ontvang eer en oneer, ons word beledig en geprys. Ons word behandel as verleiers, en tog is ons betroubaar;”

Paulus is deur die Jode geslaan omdat hy ‘n Christen is. Op sy rug lê die merke van 195 houe. (2 Kor 11:24)

Die teenstand word nog erger. Jesus se volgelinge is vervolgd en selfs doodgemaak. Volgens buite Bybelse bronne is Paulus gemartel en onthoof deur die bose keiser Nero in Rome in 67 nC.

Dit is nie maklik om 'n medewerker van God te wees nie. Maar ons hanteer die teenstand en spot wat ons kry anders as die wêreld.

3. Medewerkers van God is anders as die wêreld.

Gelowiges en veral ongelowiges hou jou dop. Hulle lees nie meer die Bybel nie, hulle lees vir jou. In alles moet ons ons laat ken as dienaars van God. (2 Kor 6:4)

Leef so dat mense nie kan fout vind met jou manier van lewe nie. Leef so dat mense jou ken en respekteer as dienaar van God.

Waarom moet hulle ons herken? Aan liefde vir God en vir mekaar.

3.1 Medewerkers van God gee niemand aanstoot nie.

Leef so dat jy mense deur jou lewe nie wegstoort nie, maar aantrek na Jesus toe.

3.2 Medewerkers van God volhard. Hulle is geduldig in verdrukking, ontbering en nood.

Soos Jesus is hulle geduldig in alles en met almal. Hulle het tyd vir en, nog belangriker, tyd met mense.

3.3 Medewerkers van God tree onberispelik en met begrip op. Hulle is verdraagsaam en vriendelik.

Ek mis dit. So maklik was ons koppe. Dan gaan dit nog oor myself en dit mag nie. As dienaars van God moet ons voete was.

As jy onwaar stories oor my versprei, maak ek soos Jesus en Paulus. Ek vergewe jou.

Ek spreek jou vry. Want sien, ek het God se genade geskenk ontvang. Daarom kan ek nie anders as om sy liefde, vergifnis en verlossing ook aan jou uit te deel nie. Ek verwag niks terug nie. Soos God my ryk gemaak het, wil ek ook vir jou ryk maak.

3.4 Medewerkers van God getuig met dringendheid en doelgerigtheid.

“Hy sê: “Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp.” Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding.” (2 Kor 6:2)

Ek leef met dringendheid, ek stel nie uit nie, ek martel nie oor wat mense aan my doen nie. Daar is nie tyd vir niksdoen en kla en myself bejammer nie. Nou is die regte tyd! Nou is die dag van redding! Daar is nie 'n ander beter tyd om God se genade en liefde uit te deel en om dit te aanvaar nie.

Dit is nie maklik nie. Hoe kry ek dit reg om so, anders as die wêreld, medewerker van God te wees? Hoe kry ek dit reg om te volhard ten spyte van teenstand?

4. Medewerkers van God het 'n kragbron buite hulself.

Lees 2 Kor 6:6-7: “Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen.”

Die Heilige Gees maak ons medewerkers van God. Die Gees werk opregte Christusliefde in my en maak dit vir my moontlik om alle mense lief te hê.

Ek het ook 'n Bybel wat ek ken. Ek verkondig die goeie nuus van vergifnis en vrypraak en ek leef dit uit.

Ek is medewerker van God deur sy krag waarvan ons lees in Efes 1:18-20: “Ek bid dat julle kan weet hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:”

Ek leef anders as die wêreld. My wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen.

Afsluiting

God het 'n snaakse mannekragbeleid. Hy maak van almal van ons sy medewerkers.

As medewerkers van God het elkeen sy lewensveranderende liefdesgeskenk ontvang.

Daarvan verseker Hy vir ons by die doop. Maak dit in geloof jou eie en gaan deel dit dan uit.

Dit is die belangrikste rede waarom ons hier op aarde is.

Amen